



HOËRSKOOLO PIONIER

Tel: Skool (034) 981-3152
981-3145
Koshuis: 982-2719
Faks: 980-9677

Privaatsak X9413
VRYHEID 3100
E-Pos adres
pionier@lantic.net
Webblad : www.pionier.co.za

23 Junie 2017

Geagte Ouers

BUSROETE NA PAULPIETERSBURG: DERDE KWARTAAL 2017

Ons gee graag die volgende inligting en ordereelings ten opsigte van die Paulpietersburg- roete vir die derde kwartaal 2017 aan u deur:

- Hierdie roete is primêr ingestel vir leerlinge van Hoërskool Pionier. Kinders van ander skole word slegs op die bus toegelaat mits daar plek op die bus is nadat al die leerlinge van Hoërskool Pionier geakkommodeer is.
- Leerlinge wat daagliks gebruik maak van hierdie bus sal ook voorkeur kry bo leerlinge wat slegs Vrydae of Maandae op die bus wil ry. Besoekers sal ook slegs geakkommodeer word as daar plek op die bus is en sulke leerlinge moet hulle name voor Woensdae, om 13h00 by mnr. Johann Coetzee kom opgee. Na die busopname wat gedoen word op Donderdae-oggende, sal bepaal word of daar plek op die bus is vir besoekers. Die besoekers moet dan Donderdae voor 13h00 met mnr. Coetzee bevestig of daar plek is en dan die voorgeskrewe bedrag vooruit betaal.
- Geen leerling wie se naam nie op die permanente buslys verskyn of wat nie by mnr. Coetzee toestemming gekry het om te ry nie, sal op die bus toegelaat word nie - ook nie Maandagoggende nie.
- Hierdie busroete is slegs vir ingeskrewe leerlinge van geregistreerde skole beskikbaar - geen volwassenes of studente sal op die bus toegelaat word nie.
- Die busgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar voor die 7de van die maand en is aangedui in onderstaande tabel (**enkelkaartjies (besoekers) R80 per rit** (R160 per naweek) per persoon). Hierdie tariewe kan van tyd tot tyd aangepas word afhangende van die dieselprys asook die hoeveelheid kinders wat van die bus gebruik maak. Die busgeld betaalbaar:

PERMANENTE NAWEEKRYERS	
24 - 31 Julie 2017	R145
1 - 31 Augustus 2017	R520
1 - 29 September 2017	R585

PERMANENTE ELKE DAG RYERS	
24 - 31 Julie 2017	R275
1 - 31 Augustus 2017	R1 420
1 - 29 September 2017	R1 420

- Daar sal streng by die volgende bustye gehou word en daar sal nie vir "laatkommers" gewag word nie:

VERTREKTYE		
OGGENDE (Vanaf Roga Motors)	MIDDAE (Maandag tot Dondag)	VRYDAE
06h15	16h00 (Hoërskool Pionier) 16h05 (Lucas Meyer skool) 16h10 (Vryheid Hoërskool)	13h35 (Hoërskool Pionier) 13h40 (Lucas Meyer skool) 13h50 (Vryheid Hoërskool)

ARRIVEERTYE	
Maandae tot Donderdae	Vrydae
16h55 (Roga Motors)	14h35 (Roga Motors)

- As gevolg van finansiële verpligtinge sal daar geen uitstel ten opsigte van die betaling van busgelde gegee word nie.

8. Maniere van betaling:
- (a) Kontant / tjek by mev. Els (Hoërskool Pionier)
 - (b) Deposito's direk in Hoërskool Pionier Buskomitee se onderstaande rekening:
ABSA Bank, Vryheid, Takkode: 334 524, Rekeningnommer: 404 920 2261
- LW: * Die busgelde moet in die skool se rekening inbetaal word nie, want die Buskomitee maak gebruik van sy eie rekening.
- * Wanneer elektroniese oorplasinge gedoen word, moet u kind wat op die bus ry, se toelatingsnommer, van en voorletters (Hoërskool Pionier) en rekeningnommer, van en voorletters (ander skole) as verwysing gebruik word.
9. Die oudste kind(ers) van 'n gesin wie se kinders in Hoërskool Pionier of in 'n primêre skool is, kwalifiseer vir 25% korting indien 'n maandkaartjie gekoop word, maar die res van die gesin moet volprys betaal.
10. Geen leerling mag in die plek van 'n ander leerling op die bus ry nie.
11. Geen kaartjies word op die bus verkoop nie.
12. Geen leerling mag sonder om vooraf toestemming by mnr. Coetzee, op 'n ander bus ry as waarvoor hy/sy betaal het nie.
13. Indien 'n leerling sy/haar naam opgegee het om op hierdie bus te ry is hy/sy verantwoordelik vir die volle maand se kostes. Indien 'n leerling nie langer van die busdiens gebruik wil maak nie, moet hy/sy dadelik vir mnr. Coetzee van so 'n besluit in kennis stel (verkieklik skriftelik).
14. As 'n leerling se naam nie op die amptelike buslys verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie.
15. Elke leerling se ouer/voog moet aan die begin van elke skooljaar asseblief 'n "Busvervoer aansoek- en ligtingsvorm" voltooi en by mnr. Coetzee inhandig, aan die skool faks of e-pos. Elke jaar sal elke aansoek heroorweeg word.
16. U moet ook asseblief daarop let dat busgelde (punt 5) uitgewerk is dat u nie betaal vir die dae waarop die bus nie ry nie.
17. Die leerlinge wat op die permanente naweeklys (slegs Vrydae en Maandae) is, moet ook daarop let dat hulle ook teen die 7^{de} van 'n maand die volle bedrag moet betaal, of die leerling al die dae gaan ry of nie.
18. Leerlinge wat nie kwartaal kaartjies koop nie mag slegs 3 maal per kwartaal (enkelkaartjies) van hierdie bus gebruik maak.
19. As gevolg van 'n publieke vakansiedag, sal die bus nie op die volgende dag ry nie:
* Maandag, 25 September 2017
20. Indien nodig, sal daar Donderdae, tydens kontroletoets- of registerperiode in die registerklas 'n lys gemaak word van watter leerlinge die volgende naweek op die bus sal wil ry. Leerlinge moet seker maak dat hul naam wel op die lys verskyn, omdat daar op 'n Donderdag aan die privaat busmaatskappy aangedui moet word hoeveel busse die naweek benodig sal word. Indien 'n leerling se naam nie op die lys verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie. Indien 'n leerling aangedui het dat hy/sy wel gaan ry, maar wie se reëlings verander het en dus nie meer gaan ry nie, **moet hy/sy vir mnr. Coetzee voor Vrydag, 08:00** in kennis stel, anders kan hy/sy vir die ekstra koste verantwoordelik gehou word.

Indien u enige probleme ondervind of indien daar enige onduidelikheid by u t.o.v. hierdie roete bestaan, is u welkom om die skool of mnr. Coetzee by 083 5644812 te skakel.

Baie dankie aan al die ouers vir hul goeie samewerking. Ons waardeer u positiewe gesindheid. Ons wens u voorspoed vir die nuwe kwartaal toe.

Vriendelike groete